

1

NOAG

Die natuur luister ook na God – Hy straf en red

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet God gebruik 'n natuurramp om te straf, maar Hy wil ook mense red.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet –

- weet God word hartseer wanneer mense nie na Hom luister nie.
- elke keer wanneer hulle die reënboog sien, aan God se goedheid dink.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bly wees oor God se heerskappy oor die natuur.
- dankbaar wees dat God gelowige mense in nood red.

Vaardigheid

Die kinders moet kan oorvertel hoe God ingegryp het in Noag se lewe.

MEER INLIGTING (Genesis 6: 5-22 en 9: 1-19)

God het alles uit niks geskep. Hy sorg ook tot vandag toe vir die hele skepping. Alles in die natuur luister na Hom.

Nadat God die groot heelal gemaak het, het baie jare verbygegaan. Daar was baie mense, maar hulle het al hoe meer van God af weggedraai. Hulle het dinge gedoen wat God só ontstel het dat Hy hartseer geword het. Hy was spyt dat hy mense gemaak het.

God sien toe dat daar darem een man was wat vir Hom lief gebly het. Sy naam was Noag. Die Here praat toe met Noag: *Noag, Ek gaan al die mense wegneem van die aarde af omdat hulle so sleg is. Maar Ek sal jou, jou vrou en jou kinders nie wegneem nie, omdat jy My liefhet.*

God vertel toe vir Noag wat hy moet doen. Hy moet 'n groot skip bou met presiese afmetings soos wat die Here vir hom sal sê. Verder sê God: *Die skip sal die "ark" genoem word. Jy moet nou dadelik daaraan begin bou, want Ek gaan baie, baie water op die aarde laat reën, sodat daar 'n einde aan al die verkeerde dinge in die wêreld kan kom. Ek wil hê die ark moet groot genoeg wees dat jy en jou gesin en van al die soorte diere daar kan ingaan.*

So het God seker gemaak dat die mens en al die soorte diere gered word.

Noag en sy drie seuns, Sem, Gam en Jafet, het dadelik aan die ark begin bou. Die mense het kom kyk en hulle wou hulle seker doodlag dat Noag so 'n groot skip bou waar daar nie eens water is om op te dryf nie.

Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het. Hulle het die ark gebou. Soos die Here gesê het, het Noag diere in die ark laat ingaan: Van al die onrein diere was daar een paar en van al die rein diere was daar sewe pare.

Toe al die diere in die ark was, het Noag, sy vrou, sy drie seuns en hul vrouens ook ingegaan. Sewe dae later het die Here vir 40 dae lank stortreën oor die aarde laat kom. God het mag oor mens en dier en oor die ganse natuur.

Die watervloed het oor die aarde gekom sodat alles wat verkeerd was in die wêreld, uitgeroei is. Die Here God wou 'n nuwe begin maak met die mense.

Na 40 dae het die Here die reën laat ophou. Toe alles weer droog was en dit vir almal veilig was om uit te kom, het die Here belowe dat Hy die mense op die aarde nooit weer op dié manier sou straf nie. Die Here wys vir hulle die reënboog. Hy sê elke keer as hulle 'n reënboog sien, moet hulle weet dat Hy nooit weer die aarde met water sal laat vergaan nie. Noag en sy mense was só dankbaar dat die Here hulle nog 'n kans gegee het, dat hulle dadelik 'n offer gebring het om God te dank.

AANBIEDING

Jy het nodig

- **Onthou, daar moet permanent 'n Bybel in jou klas wees. Elke kind moet ook met elke les 'n Bybel saambring – ons herhaal dit nie by elke les nie.**
- 'n Blanko A4-papier vir elke kind.
- 'n Pakkie gekleurde bordkryt.
- Kleeflint of gom.

KOM ONS BEGIN

Die kategeet open met Gesang 157: 1 as gebed.

*Here Jesus, ons is saam
op u roepstem hier vergader;
saam verenig in u Naam
kan ons tot die Vader nader.
Hoor die dank- en smeekgebede,
Heer, van u gemeentelede.
Amen.*

HET HULLE ONTHOU?

Hier word die vorige week se *doen- en leeropdragte* gekontroleer. Omdat hierdie die eerste les is, het hulle nog nie iets gaan *doen of leer* nie. As daar dalk iets uit verlede jaar se werk is wat jy wil kontroleer, kan dit gedoen word en dit kan bes moontlik dien as goeie aanknopingspunt vir die les wat volg.

Julle het by Les 3 van verlede jaar geleer –

- God is groot, sterk en almagtig.
- uit niks het God alles in die wêreld gemaak. Ons sê God het alles uit niks *geskape*.
- God het gesê dit moet daar wees en dit was daar. Niemand anders kan dit doen nie.
- God het ons ook gemaak en Hy sorg vir ons.
- ons moet Hom dien deur die skepping op te pas en te versorg.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Sing Gesang 464: 1 as die omstandighede dit toelaat, of laat een of twee kinders die woorde opsê.

*O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...
Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

IETS INTERESSANT

Lees die geskiedenis in MEER INLIGTING hierbo gevoelvol vir die kinders voor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer by hulle in:

- Alhoewel God baie lief was vir mense, het Hy hulle gestraf toe hulle verkeerd en sleg geleef het.

- God het hulle gestraf met die sondvloed – dit het vir 40 dae aanmekaar gereën en alles en almal, behalwe Noag en sy gesin, het verdrink.
- Die Here het vir Noag gespaar want Noag het die Here liefgehad en aanbid.
- Die Here het vir Noag gespaar toe hy vir Noag 'n groot skip, die ark, laat bou het.
- God straf die ongehoorsame mense, maar Hy betoon genade aan dié wat Hom liefhet.
- Genade beteken om iemand jammer te kry en te help sonder dat daardie persoon iets verdien het.
- God sluit ook 'n verbond met Noag, dit is 'n ooreenkoms, iets wat Hy belowe: God wys vir Noag die reënboog en belowe: *Ek sal nie weer die aarde met water laat vergaan nie.*

Die kinders moet geleentheid kry om tydens die les te praat en insette te lewer.

Vra die volgende vrae:

- Wat is 'n verbond? *'n Verbond is 'n ooreenkoms. Dit is iets wat jy vir iemand belowe.*
- Waarom het die watervloed oor die aarde gekom? *Die watervloed het oor die aarde gekom sodat alles wat verkeerd was in die wêreld uitgeroei kon word.*
- Wat wou die Here daarmee bereik? *Die Here God wou 'n nuwe begin maak met die mense.*
- Hoekom het die Here vir Noag gespaar? *Noag het die Here liefgehad en Hom aanbid.*

Wat beteken die volgende?

- Om genade te betoon. *Dit beteken om iemand jammer te kry en te help sonder dat daardie persoon iets verdien het.*
- 'n Ark. *Dit is 'n groot skip wat Noag gebou het soos wat die Here voorgeskryf het.*

IETS OM TE DOEN

- Gee vir elke kind 'n A4-papier.
- Elke kind skryf groot in een sin op die blanko A4-papier 'n voorbeeld uit eie ervaring of uit die Bybel neer, van waar hulle God se goedheid kon raaksien.
- Die kinders plak hul papiere met kleeflint of gom aan mekaar vas sodat dit 'n plakkaat vorm.
- Gebruik die kleurkryt en teken 'n groot reënboog bo-oor die gedeeltes wat die kinders geskryf het. Die *goedheid-van-God-gebeurtenisse* sal duidelik sigbaar wees deur die pastelkleure van die bordkryt-reënboog.

BY DIE HUIS

Doen

- Laat hulle tuis vir hul ouers vertel waaraan God wil hê ons moet dink as ons die reënboog sien.
- Laat hulle elke keer as hulle God hartseer gemaak het met verkeerde dinge, bid en Hom vertel dat hulle jammer is daarvoor.
- Herinner hulle om gereeld te bid en vir die Here dankie te sê omdat Hy ons red.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Ons noem die groot watervloed in Noag se tyd die sondvloed.
- Die Here het Noag en sy gesin gered terwyl al die ander mense verdrink het.
- Die reënboog is die teken van God se goedheid.
- Noag se seuns was Sem, Gam en Jafet.

Laat hul ouers die volgende teks vir hulle verduidelik en laat hulle dit dan memoriseer:

Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is (Romeine 12: 1b)

AFSLUITING

Lees Gesang 199: 1 en sluit dan af met 'n gebed.

*Loof die Here uit die hemel,
loof Hom deur wie ons bestaan;
loof Hom eng'le, hemelwesens,
loof Hom son en prys Hom maan.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom,
kom en loof die Heer se Naam!*